



Stellenbosch

UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

**Inhuldiging van oudregter Edwin Cameron as
15de Kanselier van die Universiteit Stellenbosch**
Kruiskerk, Stellenbosch, 18 Mei 2022, 17:00
**Huldeblyk en inhuldiging deur Prof Wim de Villiers,
Rektor en Visekanselier van die US**

Geagte lede van die Universiteit Stellenbosch Raad, agbare verteenwoordigers van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, geëerde professore en akademici van ons instelling en ander universiteite wat vandag hier teenwoordig is, lede van die universiteitsgemeenskap, en al ons gewaardeerde gaste:

Dankie vir u teenwoordigheid by hierdie viering en inhuldiging van oudregter Edwin Cameron as Kanselier van die Universiteit Stellenbosch. Die inhuldiging is vertraag as gevolg van die uitbreking van die koronaviruspandemie kort nadat hy Kanselier geword het.

Ooreenkomstig die bepalings van ons Statuut het 'n kieskollege wat bestaan uit die lede van die Raad, die lede van die Uitvoerende Komitee van die Senaat sowel as die president en vise-president van die Konvokasie die agbare oudregter Edwin Cameron in September 2019 tot die 15^{de} Kanselier van die Universiteit Stellenbosch verkies. Hy het in Januarie 2020 sy amp opgeneem.

Ek hoef nie veel oor sy CV uit te wei nie. Ons is almal bewus van die hoogtepunte van sy beroepslewe: van sy dae as 'n jong menseregteprokureur tot die toppunt van sy loopbaan as 'n regter in die Konstitusionele Hof van Suid-Afrika. Hy het 'n aansienlike deel van sy regsloopbaan daaraan gewy om die reg, waardeur apartheid onderdruk het, téén apartheid in te span. Soos hy dit self eenmaal gestel het: "Indien dit behoorlik aangewend is, kon die reg onder apartheid gebruik geword het om te herstel, eerder as om af te breek of skade te doen."

Met dié benadering tot die reg en die regsberoep het hy 'n belangrike aktivis geword vir mense wat met MIV en vigs leef, en was hy 'n kampvegter vir sosiale geregtigheid oor 'n breë front, onder andere vir die regte van die LGBTQ-gemeenskappe.

Soos ek vroeër genoem het, is hierdie geleentheid met twee jaar vertraag. In dié tyd was oudregter Cameron egter pligsgetrou in sy rol as Kanselier. Ek is verheug dat ons nou uiteindelik kans kry om hierdie inhuldiging van aangesig tot aangesig te doen. 'n Aanlyn plegtigheid sou nie die gravitas gehad het wat 'n geleentheid soos hierdie een vereis nie. En oudregter Cameron is juis die toonbeeld van "gravitas".

Lank voordat hy hom in 'n amptelike hoedanigheid as Kanselier by die Universiteit Stellenbosch aangesluit het, het regter Cameron hom nie net 'n uitsonderlike Suid-Afrikaanse leier getoon nie, maar bowenal ook 'n onwrikbare voorstander vir die beskerming en bevordering van menswaardigheid vir almal, ongeag kleur, ras of geloof.

Die huidige politieke retoriek en diskoers wêreldwyd kom dikwels die twee elemente van dignitas en gravitas kort. Die Universiteit Stellenbosch is waarlik geseënd om 'n Kanselier te hê wat albei hierdie kenmerke vergestalt.

Die Universiteit Stellenbosch-gemeenskap het oudregter Cameron die afgelope twee jaar leer ken as 'n inspirerende figuur wie se indrukwekkende statur – sowel fisies as intellektueel – respek afdwing, nie net as gevolg van sy prestasies nie, maar op grond van sy optrede.

Ek dink dit is die moeite werd om te herhaal wat ons by die Universiteit Stellenbosch probeer bereik. Ons visie is om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te word wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word, en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder.

En dan is daar ons waardes: uitnemendheid, deernis, billikheid, respek en verantwoordbaarheid. Dit is 'n waardestelsel wat beoog om mense in ons gemeenskap – ons studente, personeel en enigiemand anders wat by die Universiteit betrokke is – én hulle optrede te rig.

As die seremoniële hoof van die Universiteit, doen oudregter Cameron sonder twyfel al hierdie waardes gestand op 'n manier wat ons net méér vasberade maak om in ons akademiese projek na uitnemendheid te streef, en – selfs belangriker – om hierdie nasionale bate te gebruik om toegang tot gelyke geleenthede te bied aan almal wat die Universiteit Stellenbosch as hulle voorkeurinstelling vir verdere en gevorderde studie beskou.

Oudregter Cameron deel ons visie van 'n universiteit wat ál ons studente 'n transformerende onderrig- en leerervaring bied, wat die beste beskryf kan word as “inklusiewe uitnemendheid”. Dit is die kenmerk van alles wat ons doen, met ons sterk institusionele waardes as ons kompas en rigsgaaf.

Daarom is dit so betreurenswaardig dat sy inhuldiging gevier word in 'n klimaat wat 'n mens aan die weersinwekkende praktyke van onderdrukking van 'n vergange era herinner. Soos u heel waarskynlik weet, was daar die afgelope naweek 'n uiters ongelukkige voorval in een van ons koshuise. Wees gerus dat ons gepas opgetree het binne die bepalinge van ons dissiplinêre kode om die saak ferm en daadkragtig te hanteer.

Deel van oudregter Cameron se lewenstaak is om seker te maak dat die waardigheid van alle mense ongeskonde bly. En dit sou verstandig wees om sy lewenstaak as voorbeeld te gebruik van hoe ons wil hê die Universiteit Stellenbosch moet lyk.

Kollegas, vriende: Ek het die afgelope paar weke buitelandse gereis en ons internasionale vennootskappe versterk, ons netwerke uitgebrei en met alumni ontmoet. En telkens word ek getref deur hoe Maties-alumni hulle gemeenskappe vorm, van landelike Suid-Afrika tot die grootste wêreldstede.

Ons universiteit is dus nie net 'n bate vir ons land nie. Ons impak en reikwydte strek ver buite ons grense én oor vastelande heen. En in oudregter Cameron het ons 'n alumnus en 'n Kanselier wat ons unieke posisie op die Afrikavasteland verstaan. En wat bereid is om meer as sy plig te doen om ons visie te help verwesenlik.

Met sy leiding en bystand sal ons aanhou transformeer, aanhou ontwikkel, en aanhou vorentoe beweeg.

Agbare oudregter Edwin Cameron, dit is nou my voorreg om aan u die bevoegdheids en status van die amp van die Kanselier van die Universiteit Stellenbosch te verleen.

As teken van u inhuldiging en aanvaarding van u pligte, beklee ek u nou met die Kanselierstoga.